Ds. RG (Roelie) Aucamp (Middelburg, Karoo)

Jesus *sorg* vir jou

Jy kan nie sonder kos elke dag ingaan nie ... Jy kan dan nie die dag met al sy eise en sorge aanpak nie ... Jy het ten minste 'n stukkie brood nodig om jou liggaam sterk te maak.

Dit gaan nie maar net oor voedsel vir jou liggaam nie. Elke dag is tog so vol van sy eie kwaad –

- nog 'n dag waarop jy wonder: Wat van more?
- nog 'n dag waarop alles vir jou te veel word;
- nog 'n dag waarop jy jou bekommer oor klein dingetjies, oor wat jy sal eet, jou geldsake wat druk, jou kinders, jou oudag;
- nog 'n dag waarop jy twyfel oor jou geloof, of dit sterk genoeg is om jou te dra tot in die ewige lewe;
- nog 'n dag vol sonde-aftakeling en 'n duiwel wat jou wil verlei

.... en jy moet dit aanpak!

Om werklik te oorleef, ook geestelik, het jy voedsel nodig. Dit geld vir jou lewe as mens voor God. Jy kan nie as verloste kind van God leef sonder hierdie voedsel nie.

Jy hoef egter nie bekommerd te wees omdat jy nie hierdie brood self kan bak of koop nie. Die Here gee dit aan mense wat gedryf word deur geestelike nood, soos dié wat vermoeid en belas is (Matt. 11:28), aan mense wat honger en dors na die geregtigheid (Matt. 5:6).

Dit is die wonder van Jesus se koms na die aarde toe. Sy geboorte beteken vir die kind van God dat jy nooit weer onder hierdie honger ly nie. Hy verseker jou: "Ek is die brood wat die lewe gee" (Joh. 6:35).

Dit beteken vir jou prakties dat Hy vir jou sorg en jou bewaar in alles wat jy nodig het. Hy gee jou die basiese, die brood vir jou hele bestaan. Sonder hierdie brood kan jy nie lewe en vooruitgaan nie. Jy het Jesus se brood broodnodig.

Wat beteken hierdie brood in jou lewe van elke dag? Dit is tog dat

- jy weet dat al die heerlike beloftes van die Bybel ook vir jou geld;
- jy seker is jy is 'n verloste kind van die hemelse Vader;
- jy aan Hom behoort vir tyd en ewigheid;
- Hy elke dag met jou is en jou dra, selfs deur die sorge en ellende van die lewe heen;
- jy werklik sinvol en roepingbewus kan lewe;
- jou lewe nie maar net tot by jou graf is nie, maar tot in ewigheid saam met jou Here.

Verder beteken dit prakties vir jou:

- Jy dra jou sorge en bekommernisse nie alleen nie.
- Jy hoef nie heeltyd in jou geloofshart rond te krap om te kyk of jy verdien dat die Here jou darem sal vashou in sy hand nie.
- Jou lewe is nie 'n sleur van dag tot dag nie, maar sinvol tot in ewigheid.

Die brood wat die Here Jesus gee, verseker jou van

- vryspraak van die sonde;
- vernuwing tot 'n nuwe mens;
- vrede met God;
- die ewige saligheid;
- gemeenskap met God;
- rus, want die Here versorg en bewaar jou.

Die eintlike brood wat Jesus kom gee het, is sy eie vlees en bloed. Hy gee dit vir die lewe van

Jesus Christus het gekom om die verloste kinders van die Vader in alles wat nodig is, te versorg en te bewaar. Dit is waar en seker! Daarom kan en moet die verloste hom in alles beywer vir die koninkryk van God en vir die wil van God om hom hierin te verlustig.

elke gelowige. Dit is 'n lewe waarin die kind van God volledig in die hand van sy hemelse Vader bly. Dit is 'n hand wat sorg en bewaar. As Hy sy hand wegneem, stort alles ineen.

Hoe veilig kan ons nie voel onder die sorg en bewaring van die Here nie! Dit getuig juis van God se geweldige liefde. Niks kan ons van hierdie liefde skei nie, selfs nie die dood of wat ook al in die skepping nie (Rom. 8:38, 39).

Omdat Jesus vir ons gebore is, beteken sy sorg en bewaring dat Hy dit waarop dit werklik aankom in hierdie lewe, aan ons gee om ons elke dag van krag en uitsig te verseker. Hy gee ons:

- geloof
- hoop en
- liefde (1 Kor. 13:13)

Geloof

Die geloof in die sorg en bewaring van die Here het 'n mens so nodig, die sekerheid dat Jesus Christus jou nooit sal verwerp nie. Die bewaring van die verloste hang nie af van jou swak of sterk geloof nie, maar dit lê in die hand van Hom in wie jy glo. Die geloof rig hom op die kruis van Christus as die enigste grondslag van ons saligheid (Heb. 12:2). Dit is gegrondves in die wil van die Vader en in die bewaring van die Seun.

Hierdie bewaring is nie beperk net tot hierdie bedeling nie, maar strek baie verder as die aardse bestaan. Dit is 'n bewaring wat uitloop en oorloop op die hemelse heerlkheid.

Die verloste ontvang die geloof as gawe van die Heilige Gees. Om werklik in die sorg en bewaring van ons Here te leef, bly dit egter altyd noodsaaklik om jou te oefen in die geloof. Hierdie oefening behels:

- daaglikse omgang met jou Here deur die Woord en gebed;
- saamlewe met medegelowiges;
- deur die sonde te haat en ontvlug;
- die praktiese uitlewing van liefde tot God en jou naaste;
- 'n dankbare oorgee aan die Here.

Jy kan maar al jou sorge en bekommernisse aan die Here oorgee. Jesus Christus verseker die een wat gelowig aan Hom vashou: "Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie" (Joh. 6:35).

Hoop

Die feit dat Jesus gekom het om die verloste kind van die Vader in alles wat nodig is, te versorg en te bewaar, gee hoop vir die gelowige. Hierdie hoop is 'n sekerheid wat vas staan. Die hoop strek hom uit na die toekoms om die volle erfenis van heerlikheid te verkry. Dit verseker die kind van God dat hy sorg en bewaring geniet, nie net nou nie, maar tot in ewigheid, die sekerheid dat hy deur alles in die gemeenskap met God kan deel en hom mag verlustig in die einddinge as verloste kind van God. Hy verbly hom in die sekerheid dat die Here selfs die slegte in sy lewe sal omkeer sodat dit tot sy beswil sal dien en dat die heerlikheid van die lewe in ewigheid sy deel is.

Liefde

Die sorg en bewaring van die kind van God is 'n heerlike versekering van die liefde waarin hy lewe. Dit is die band van oorgawe wat die gelowige aan Christus bind. Dit is oorgegewe liefde wat gewortel is in die onuitspreeklike liefde wat Jesus vir die gelowige het. Omdat God liefde is, is hierdie liefde ewig (1 Kor. 13:8). Dit gee die rigting van die lewe aan. Waar liefde werksaam is, daar woon God self.

Jesus Christus het gekom om die verloste kinders van die Vader in alles wat nodig is, te versorg en te bewaar. Dit is waar en seker! Daarom kan en moet die verloste hom in alles beywer vir die koninkryk van God en vir die wil van God om hom hierin te verlustig (Matt. 6:33). Hy kan in teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar wees en sy vertroue alleen in die getroue God en Vader stel. (HK, antw. 28).

In Christus versorg en bewaar Hy jou. Jy het sy troosryke versekering: "Moenie bang wees nie. Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne" (Jes 43:1).

Ook daarvoor is Jesus vir jou gebore! DK